# Dienelkander

**Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos**

**WhatsApp:** 067 713 2332
**Webblad:** www.oosdoppers.co.za
**Facebook:** www.facebook.com/oosdoppers
**Erediens videobank:** http://ow.ly/ivfZ309vsdc
**Intydse erediensuitsendings op YouTube by:** Oos-Doppers Potch

## 16 JULIE 2023

**09:30 OGGENDEREDIENS: Ds Piet Venter**

Wat ‘n voorreg dat ons vanmore getuies kan wees met die bediening van die doop aan 6 verbondskinders! God wat sigbaar wys dat Hy Hom uit liefde en genade aan klein kindertjies met sy verbond verbind!

Die dopelinge is:
Luané van Steward en Vanessa Fourie;
Christiaan van Divan en Dané Greyling;
Amoré en Logan van Charlene Havenga;
Diana van Nadia en Wouter Traut.
Daniël van Lumé en Daan Traut.
(Wouter en Daan is nog lidmate van die NG Kerk)

Ons is saam met julle as ouers, grootouers en families baie dankbaar vir die Here se genade aan julle en julle kinders. Baie welkom aan familie en vriende wat vandag saam met ons in erediens is met die oog op die doop.

**Tema: Kinders is vir God baie belangrik en Hy gebruik hulle om grootmense te leer.**

**Lofsang met die oog op die erediens**
Lied 188: 1, 3; Ps 8 – 2: 1, 2, 3

**Ontmoetingsdiens**
Intreelied Ps 131-1: 1, 2; Vers 3 as Votum; Seëngroet; Loflied Ps 89-1: 1, 2, 3; Geloofsbelydenis: Apostoliese Geloofsbelydenis

**Verootmoedigingsdiens**
Wet - fokus op Vierde gebod; HK Sondag 38; Sing Ps 84-2: 1, 4; Gebed

**Sakrament**
Doopformulier; Bediening van die doop; Sing: Sb 16 – 1: 1, 2, 3; Gebed

**Woorddiens**
Skriflesing: Matteus 18: 1 - 14 en
Markus 10: 13 - 16.
Teks: Markus 10: 13 - 16;
Woordverkondiging

**Antwoorddiens**
Gebed; Liefdegawes by die deure; Sing Ps 128 – 1: 3, 4; Seën; Amen Sb 13-3.

**GEEN AANDEREDIENS**

## MEELEWING

- Kitty Kruger is verlede week in Anncron Hospitaal in Klerksdorp opgeneem met hartprobleme. Sy het via ‘n angiogram 3 “stents” in hartare gekry en sy word steeds daar behandel.
- Wilna Pretorius se moeder is na ‘n lang siekbed oorlede en is gister begrawe.
- Elsa Coetzee se suster is ook na ‘n lang siekbed oorlede en is Vrydag begrawe.

**Ons bid al hierdie lidmate troos en beterskap toe in hierdie beproewings.**

## ONS GROET

Johan van der Walt wat met bewys van lidmaatskap vertrek na NH Kerk Grimbeekpark.

## ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Estette Bredenkamp, Annette Coetsee, Kitty Kruger, Annatjie Duvenage, Bettie Niemand, Annetjie Vermeulen, Mariana du Plessis, Rita Schutte, Hannatjie du Plessis en Andries du Plessis.

## BEDIENINGE VAN HIERDIE WEEK

**Vandag**
09:30 Oggenderediens
Geen Kleuterbediening en Katkisasie
Tee en koffie
Geen aanddiens

**Maandag**
18:00 Oosdopperfees-komitee

**Dinsdag**
SKOLE OPEN

**Woensdag**
09:30 Bybelstudie

**Saterdag**
2de Kersmarkkeuring

## AFKONDIGINGS

- Liefdegawes vandag: Diakonie (Groot boks) en Teologiese-studentekas (Klein boks) Zapper-betaalmetode beskikbaar.
- Gawes volgende Sondag by die deure vir ons eie Diakonie.
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit kan in die bussies gegooi word.
- Diensbeurte: Groep 2 en 3.

## VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

**Sondag, 16 Julie**
Jsr Anzelle Bronkhorst
Br Hans Leijenaar *

**Maandag, 17 Julie**
Sr Pauli de Bruyn
Sr Chantelle de Klerk
Sr Yolanda de Kock

**Dinsdag, 18 Julie**
Br Andries de Klerk

**Woensdag, 19 Julie**
Sr Michelle Kuger-Ras
Br Jan-Ernst Oosthuizen*
Br Chris Storm
Sr Mariëtte van Vuuren

**Donderdag, 20 Julie**
Sr Heloïse Freeke
Sr Mardenique Hansen

**Vrydag, 21 Julie**
Jsr Duané du Plessis
Jbr Jandré J v Rensburg
Sr Susan Pretorius
Sr Christa v Zyl

**Saterdag, 22 Julie**
Sr Hester Freeke

***** Lidmate met spesiale verjaarsdae – 75 jaar en ouer

## GKSA-NUUS

**Beroep aanvaar**

Ds N (Nikolaas) Pienaar van GK Oos-Londen na GK Hermanus.

**Gespreksbyeenkoms: Dat ons waarlik een mag wees!**
**Saterdag 22 Julie, Gereformeerde Kerk Lyttleton**

U word hartlik uitgenooi na ‘n gespreksbyeenkoms wat uit die inisiatief van Die Kerkblad gereël is vir Saterdag 22 Julie by die Gereformeerde Kerk Lyttleton. Die byeenkoms is veral daarop gemik om ons lidmate en ampsdraers die geleentheid te gee om met mekaar te praat en mekaar te hoor oor hoe ons
steeds een kan wees te midde van sekere verskille. Watter verskille tussen ons kan as verskeidenheid binne die eenheid gehandhaaf word? Waar kom die eenheid in gedrang?

Die agtergrond van hierdie gesprek is die afgelope Algemene Sinode waar sekere verskille, by uitstek oor die vrou in die amp, gedreig het om die eenheid van ons kerke in ernstige gedrang te bring. Die gevoel by die inisieerders van die byeenkoms is dat ons sonder die druk wat op verskillende wyses met ‘n sinode gepaard gaan openlik met mekaar wil praat oor ons kosbare eenheid en waardeur dit bedreig word.

Die tema van die dag is “Dat ons waarlik een kan wees!”. Ons eenheid in Christus in die lig van ons verskille.

Die beplanning vir die dag is die volgende:

Ds Christo Swanepoel sal as voorsitter/gespreksleier optree.

08:30 Ds Cassie Aucamp open die verrigtinge en lei die saak baie kortliks in.

09.15 Ds Piet Venter oor wat hy van hierdie eenheid beleef het tydens die Algemene Sinode.

10.15 Dr. Johan Fleischman: Die handhawing van ons eenheid in Christus te midde van verskille.

11.30 “Brunch”, saam kuier

12.15 Dr. Gerard Meijer: Die belangrike vraag: Wanneer kom die gesag van die Skrif in gedrang?

13.15 ‘n Kort slotrepliek deur Ds. Pieter Kurpershoek en Ds Cassie Aucamp.

13.40 Die pad vorentoe.

Al ons lidmate is welkom, nie net ampsdraers nie. Ons nooi ook ons emeriti uit om ons uit hul rype ervaring te verryk. Die koste vir die dag beloop R100 per persoon. Ons vra vriendelik dat u voor 17 Julie registreer deur u naam en gemeente per e-pos te stuur na Sussie Voogt by admin@keymaxprop.co.za of per Whatsapp na 082 892 7747, saam met die bewys van u betaling.

Bankbesonderhede: GK Lyttleton Sustersaksie, ABSA, rek.nr. 6003 4023 9, verwysing: Kerkblad.

Kom ons gryp hierdie geleentheid aan om ons roeping tot ware eenheid in Christus en tot getuienis aan die wêreld te kan gehoorsaam.

Ds Cassie Aucamp

## DIE KERKBLAD

Die Kerkblad is beskikbaar in die voorportaal van die Skuur, vir lidmate wat daarop ingeteken is.

## KENNISGEWINGBORD

- Tuinwoonstel te huur: Kontak Pieter de Villiers 082 366 0446



# SUSTERS

ROM. 1:16 "EK SKAAM MY NIE OOR DIE EVANGELIE NIE, WANT DIT IS 'N KRAG VAN GOD TOT REDDING VAN ELKEEN WAT GLO."

## SUSTERS: ELEKTRONIESE INBETALINGS

Liewe suster, om dit vir jou makliker te maak kan jy gerus die "Zapper App" aflaai en dan hierdie QR-simboolkode vir elektroniese inbetalings aan die Susters gebruik. Dui asb net vir ons aan waarvoor jy bydra: Jaarlikse sustersbydrae / Blikkies-warmharte / Kansa / Donasies.

## TEESKINK-GELEENTHEID



Koffie, tee en koeldrank vandag in die Skuur na die oggenddiens.
Baie dankie aan groepsusters en hul groepe wat vandag hiermee help:
Ansie Jordaan en groep 3, Estelle van Hamburg en groep 13, Rolene van der Walt en groep 23, asook Engela van der Walt en groep 31.

## SUSTERSBYDRAE en BLIKKIES-WARMHARTE



- Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan.



- Die susters se fondse word uit elke suster se vrywillige bydrae (R150 per jaar) verkry, asook uit die fondse wat tydens fondsinsamelingsgeleenthede geïn word. Hierdie geld word gebruik om na minderbevoorregtes uit te reik en daar word jaarliks aan verskillende verdienstelike instansies, donasies gegee.


Dankie vir die susters wat op gereelde basis 'n bydrae vir hierdie werk gee.

## KWARTAALPROGRAM

| DERDE KWARTAAL | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **DATUM** | **DAG** | **TYD** | **WIE** | **WAT** |
| **Jul-Aug** | **-** | **-** | **Almal** | **Kansaprojek** |
| **25-Jul** | **Dinsdag** | **18:00** | **Bestuur** | **Sustersbestuursvergadering** |
| 01-Aug | Dinsdag | 18:00 | Groepsusters | Groepsustersvergadering |
| 1-4 Aug | Week | 13:00 en 18:00 | Naamlys | Oosdopperfees - vleiswerk - etes |
| 05-Aug | Saterdag | 09:00 | Almal | Oosdopperfees |
| 10-Sep | Sondag | 19:00 | Blok A | Ouderlingverversings |
| 17-Sep | Sondag | 12:00 | Blok B | Nagmaalete |
| 26-Sep | Dinsdag | 18:30 | Blok C | Potch-Oos Sustersafsluiting |

## BAIE DANKIE AAN ONS BORG VAN DIE WEEK!





# Oosdoppertjie-Jeugbediening

### 1. Erediens Kinderblad

Ons kinders se deelname aan die erediens is belangrik. Ons dink aan die Here Jesus se uitnodiging: Laat die kindertjies na My toe kom! Die erediens is ‘n ontmoeting tussen God en sy volk en ons kinders is net soveel deel van hierdie ontmoeting as ons volwassenes.

Om egter vir ons kinders hierdie ontmoeting so sinvol as moontlik op hulle vlak van verstaan te maak, gee ons tydens die skoolkwartaal ‘n Kinderblad uit. Dit is voor die erediens in die voorportaal beskikbaar. Daar is ook inkleurpotlode en knipborde beskikbaar. Hierdie kinderblad bied aktiwiteite wat die kinders tydens elke element van die erediens kan voltooi. Ouers kan die kinders begelei oor hoe om dit te voltooi. Die hoop is dat die blaadjie ons kinders sal laat groei in hul geloof en verhouding met ons Here.

### 2. Bediening vir voorskoolse jeug tydens eredienste

Gedurende die skoolkwartaal bied ons vir die voorskoolse jeug ’n georganiseerde program aan, terwyl Woordverkondiging plaasvind. Die kleuterbediening vind plaas deur ’n lessie wat op die kleuters se vlak aangebied word, asook speletjies, samesang en gebed. Kleuters van 3jr tot Gr R is welkom om by ons aan te sluit. Enigiemand wat die behoefte het om betrokke te raak by kleuterbediening is welkom om Marlise te kontak.

Kontakpersoon: Marlise Styger (marlise.venter@gmail.com of 083 655 8145)

## ALGEMENE INLIGTING

### LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)

Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en slegs bydraes vir Barmhartigheid kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie.

### KONTAKBESONDERHEDE

Ds. Piet: 018 290 5635 / 082 779 1237
Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt – 082 851 3637
Barend vd Westhuizen - 079 337 8148
Kerkkantoor: Adele – 018 290 7690 / 082 532 8658 / kerkkantoor@oosdoppers.co.za
Koster: Dawie v Zyl – 082 774 7936

### BANKBESONDERHEDE

| Geref. Kerk Potchefstroom-Oos | Diakonie | Susters |
|---|---|---|
| ABSA Bank | ABSA Bank | Capitec Bank |
| Tjekrek: 670 340 066 | Tjekrek: 670 280 160 | Spaarrek: 145 652 5695 |
| Takkode: 632-005 | Takkode: 632-005 | Takkode: 470-010 |